# DIE SKIETLOOD

234e Uitgawe 17 Januarie 2025

saam met Koersvas 234

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.


## DIE EERSTE DEEL VAN KATEGISMUS

## DIE ELLENDE VAN DIE MENS (SONDAG 2-4)

## SONDAG 3

**Kommentaar**

In die vorige uitgawe van Die Skietlood is vraag 6 deels bespreek. Die tweede deel van die saak onder bespreking is die mens as beelddraer. Dit kom nou onder die loep. Net weer vraag 6:

*Vraag 6: Het God die mens dan so sondig en verkeerd geskep?*

*Antwoord: Nee, God het die mens goed en na sy ewebeeld geskep. Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam met Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys.*

### Die mens: Beelddraer

Hierdie saak is van groot belang; die NHKA en die GHG het deels weens 'n verskil van teologiese perspektief aangaande die regte verstaan van hierdie term, 'n skeiding van die weë ervaar. Reeds in 2011 is onder ander op die volgende manier reageer:

***Die mens as beeld van God***

*Met Besluit 54 het die NHKA aanvaar dat die beeldskap van God 'n eienskap van of ten minste iets* ***in*** *die mens is. Dit word duidelik uit die bewoording van beskrywingspunt 54 waar gestel word: "Die Kerk verwerp sy goedkeuring van apartheid omdat dit ... * die beeld van God in mense aantas." Hierdie besluit sê baie duidelik dat die beeldskap van God 'n aantasbare iets is en dat dit iets* ***in*** *die mens is. By implikasie beteken dit dat die beeldskap van God in alle mense te vinde is.*

***Die skepping en die mens as beeld van God***

*Genesis 1:26-27 sê: "God het gesê: ' Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers...'" en : "God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep..." Verder het God volgens Genesis 1:28 vir die mens 'n baie spesifieke opdrag gegee: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see..." Dit gaan nie oor die vraag of die mens die beeld van God is nie – dit word algemeen aanvaar. Wat wel aandag verg, is hoe die mens God se beeld is en wat dit beteken.*

*In die Hebreeuse teks is die woorde "בצלמנו" ("b'tselemnu": "as ons beeld/skadu") en "כדמותנו" ("kidmutenu": "na/volgens ons gestalte") belangrik want hulle verduidelik die beeldskap van God. Prof van Selms het in ag geneem dat "tselem" die verdere betekenis van "donkerte" het. Daarom het hy die beeldskap van God so verduidelik: die mens is God se skaduwee op aarde. 'n Skaduwee is egter net skaduwee solank as wat sy skadugewer bestaan, en solank hy aan daardie skadugewer vas is. Dit gaan oor die verhouding waarin God ons geplaas het – teenoor Homself en teenoor die skepping. Daar waar die mens sy verantwoordelikheid teenoor God en die skepping volgens die wil van die Here nakom, daar is hy die beeld van God. Ons is bedoel om God se 'voorman' op aarde te wees – ons moet sy werk doen soos Hy dit gedoen wil hê.*

*Die mens doen dit egter nie, want hy is sondaar. Ons dink maklik dat die beeldskap van God ons reg is, met ander woorde, dat ons beeldskap van God 'n menslike eienskap of 'n tipe ingebore kwaliteit is, iets wat ons besit. Dit is egter nie wat die Bybel sê nie. Die korrekte gevolgtrekking is dat God ons na sy beeld gemaak het om ons met ons skeppingsopdrag te help. God het ons (sy skaduwee) volgens sy beeld gemaak om te heers soos die Here dit wil hê. Ons is wat ons is as gevolg van God, en ons het 'n opdrag as gevolg van God.*

***Die sonde en die mens as beeld van God***

*Die Satan het vir die mens gesê hulle "...sal...soos God wees deurdat julle alles kan ken." Die Bybel teken die mens as iemand wat probeer om self God te wees. Die skaduwee probeer homself van sy Skadugewer losmaak. Dit het altyd smartlike gevolge.*

*Die mens heers nie soos hy moet nie. Die sonde vervreem die mens van God. Hy leef nie soos God bedoel het dat hy moet leef nie. Anders gestel, hy is nie verteenwoordiger of beeld soos God van hom verwag nie.*

***Christus en die mens as beeld van God***

*Die trouelose en ongehoorsame optrede van die mens het egter nie veroorsaak dat God ontrou word nie. God is anders as die mens. God sluit met die mens 'n verbond ten spyte van wie die mens is. Hy laat die mens nie alleen nie.*

*Die grootste genade wat God aan ons bewys het, is dat Hy sy Seun, Jesus Christus, op die aarde laat mens word het. God kom self na ons toe. In Christus is vergewing van sonde en die verlossing van die dood. In Christus is redding vir die mens, want Christus is die beeld van God (2 Korintiërs 4:4 en Kolossense 1:15). Hy is die Middelaar wat weer vrede tussen ons en God bring. Deur geloof in Hom word ons herskep, deur die Gees, na die beeldskap van God.*

***Gevolgtrekking***

*Besluit 54 verstaan die beeld van God as iets wat:*

- *in mense is, dus 'n menslike eienskap (habitus),*
- *aantasbaar is deur 'n menslike instelling of wet of beleid,*
- *deur apartheid aangetas is.*

*Dit is onmoontlik dat 'n beleid, wet, besluit of staatsvorm die beeldskap van God aantas vir volgende redes:*

- *dit is nie 'n menslike eienskap nie en kan gevolglik nie aangetas wórd nie;*
- *dit is nie iets goddeliks in die mens nie want daar is niks goddeliks in die mens nie;*

*Daar het baie ander studiestukke die lig gesien in die gesprek oor hierdie saak. Dit gaan in die beeldskap om die verhouding tussen God en mens. Die mens kry 'n opdrag van God om te 'heers'. As gevolg van die sonde misluk die mens totaal.*

*Besluit 54 weerspieël die teologie en die trant van die status Confessionis wat die WARC in 1982 aanvaar het. Dit spreek van bevrydingsteologie en is strydig met die NHKA se leer.*

Kom ons begin hierdie kommentaar by Ursinus se verstaan van hierdie term en sluit dan daarby aan.

Die term 'beeld van God in die mens" verwys na 'n ingesteldheid. 'n Intellektuele en emosionele benadering tot God. Dit is die mens wat aard, wil en werke van God ken en dit vrywillig gehoorsaam. Dit impliseer 'n vrywillige inrig van die self om in alles God se wil uit te leef. Die beeld van God verwys na die suiwer menswees wat as heerser oor die skepping aangestel is.

Die mens as beelddraer van God omsluit met ander woorde 'n hele reeks konsepte:

1) Die geestelike en verhewe aard van die siel saam met die mag van kennis en ‘n suiwer wil;
2) Al die natuurlike gedagtes en konsepte van God, Sy wil en Sy werk;
3. Regverdige en heilige handelinge, neigings en wilsbesluite, wat gelykstaan aan perfekte geregtigheid en heiligheid, in die hart, verstand en uiterlike handelinge.
4. Vreugde en heerlike gelukkigheid om God te mag ken, gekoppel aan ‘n oorvloed van alles wat goed is sonder enige korrupsie, verval of ellende.
5. Die beelddraer heers oor die skepping – al die diere, die voëls en die vis. Die mens se kultuurtaak (heers oor die skepping) is derhalwe deel van die regte verstaan van die mens as beelddraer van God.
Hierdie beeldskap impliseer nie dat die mens aan God gelyk is op alle maniere nie - die mens is nie identies aan God nie, net beelddraer. Die mens se potensiaal om al hoe meer te leer en te verbeter, staan in skrille kontras tot die ewige heerlikheid van God. Net so kan die mens voortdurend verbeter, maar omdat die mens in tyd vasgevang is as skepsel kan die mens nooit God word nie.
‘n Vinnige opmerking oor die verwysing na Jesus as die beelddraer van God. Dit moet anders verstaan word as die verwysing in Genesis 1. Hy is ware God en ook ware mens. Jesus as deel van die Triniteit is ewig en van dieselfde aard as God die Vader. Hy is Godgelyk in werke en aard. Hy is die Een deur Wie die Vader Hom openbaar.

Aan die ander kant moet Jesus as mens ook verstaan word as beelddraer van God. In hierdie konteks moet dit gesien word soos alle ander mense verstaan word as beelddraers.. Die mens verskil nie in Graad van God nie, maar in essensie – in ons diepste wese is ons altyd skepsels.
Hierdie bespreking van die mens as beelddraer van God moet in die lig van die geskiedenis soos dit ontvou het, verstaan word. Die beskrywing soos hierbo gegee, verwys na die mens direk na die skepping, die mens in die tuin. Die seismiese omvang van die sondeval moet ook hier bespreek word. God het alles goed geskep (Genesis 1)) Tog sien ons in die skepping ‘n verval wat nie met die skeppingsverhaal klop nie. Die sondeval se impak op die skepping is bo debat en die omkeer na ‘n skepping soos dit was, is in die vooruitsig – Romeine 8:19-21 “*Die skepping sien met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal maak wie sy kinders is. Die skepping is immers nog aan verydeling onderworpe, nie uit eie keuse nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte van hoop gegee: die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom van die heerlikheid waaraan die kinders van God deel sal hê*.” Net so moet ons besef dat die sondeval op hierdie aspek van menswees impakteer het.
In die volgende uitgawe sal die verlies - en die herwinning van beeldskap bespreek word.